

Tot Lesotho, Mosambiek se mense gebruik Afrikaans

Maar sprekers hier moet ook brûe bou na hul tale, dit aanleer

Dr. Mathews Phosa, tesourier-generaal van die ANC en skrywer van twee Afrikaanse digbundels, het die openingsrede by die Universiteit van Pretoria se boekfees in hoofsaaklik Afrikaans gelewer.

Ons woon in 'n wonderlike land propvol verskillende kleure en vorme.

Ons is geseën met kulture wat mekaar komplementeer en ons is bevoorreg dat ons trotse burgers verskillende tale praat.

Dié historiese kenmerk was ook die vertrekpunt vir die grondwetlike onderhandelings wat tot die unieke uitkoms gelei het dat Suid-Afrika vandag elf amptelike landstale het.

Dit het wegbeweeg van die voorvalige eksklusiewe beleid waar net Afrikaans en Engels amptelike tale was. Dié beleid het ook persepsies versterk dat sommige tale en kulture onderdruk word ten spyte daarvan dat hulle al honderde jare in die land en op die vasteland bestaan het.

Jy kan nooit kulture, taal en trots van 'n onderhandelingsagenda uitsluit nie en daarom het ons Grondwet van 1996 eendelig ook die wonderlike laslappiekomers van verweefde tale in ons land erken.

My vertrekpunt is eenvoudig: as ons erken dat ons mekaar in dié land nodig het, dan moet ons net so trots wees op ons eie kulture soos op die kulture van ons buurman en mede-Suid-Afrikaner.

Taal is 'n skerp en sagte instrument wat mag en aanvaarding bring. Dit bring ook nuwe perspektiewe, uitdagings en gemeenskaplike grond tussen ons.

Die eenvoudige taak om 'n nuwe taal te probeer bemeester breek mure af en gee 'n mens toegang tot nuwe ondervindings en geleenthede.

Ons betree nou die sogenaamde post-bevrydingsfase in ons land. Vir my beteken dit dat ons moet heroorweeg en die venster (op ons wêreld) opnuut verf. Eers as ons moedig genoeg is om die verfkwas in ons hande te neem, sal ons vorentoe beweeg en ruimte vind om mekaar te omhels.

Ek het nog altyd geglo dat ons nie verskille moet beklemtoon nie. Vir my werk dit om na die dinge te soek wat my bind aan diegene wat anders as ek grootgeword het. Dit gee ons iets om saam voor om te gee en te beskerm.

Afrikaans is die perfekte voorbeeld van 'n kulturele voertuig wat vir politiek en ander doelwitte geskik is. Daarvoor het dit 'n politieke teiken geword en in die proses is 'n pragtige taal die etiket van die taal van die onderdrukker omgehang.

Die taal is vereenselwig met 'n veragtelike politieke stelsel, en deur daardie assosiasie het dit aanvanklik 'n slagoffer geword in die bevrydingstryd om ons land.

Uit daardie ondervinding het ons talle waardevolle lesse geleer wat ons moet lei terwyl ons beplan vir die volgende, meer inklusiewe hoofstuk van ons gemeenskaplike toekoms en uit die geskiedenis van dié land wat ons deel, en wat aan almal van ons behoort.



Wat is die belangrikste lesse wat ons geleer het uit die misbruik van Afrikaans deur politici en ander geslote en uitsluitende groepe?

- 'n Taal is niemand se politieke eiendom nie;
- Jy kan nie op langtermyn 'n taal institutionaliseer nie;
- Taal het nie kleur nie;
- 'n Taal word voller en ryper en soepeler as hy hom oopstel vir 'n bietjie gebruik en misbruik oor kulturele, ras- en politieke grense heen;
- 'n Dinamiese taal moet 'n bietjie van 'n losbol wees. Hy moet nuwe bedmaats soek, hy moet by die buurvrou nuwe truuks gaan leer, en hy moenie skaam wees om te eksperimenteer met nuwe uitdrukkings en woorde nie;
- Hy moet wegbly van etikettering en hy moet weghardloop daarvan as sekere segmente groepe hom passievol as bedreig verklaar – want dan begin sy politisering weer van voor af, en

Hy moet wegbly van die bedekking met 'n geloofskleed. Politiek en geloof het 'n manier om 'n taal los te ruk uit sy gemeenskapsankers en dit die eksklusiewe eiendom van uitsluitende groepe te maak. Wees versigtig!

Vandag is Afrikaans politiek vry, hy is een van elf amptelike landstale, en hy is, in terme van status, in 'n beter posisie as ooit vantevore.

Want, sonder sy politieke baggage, het Afrikaans 'n just cause geword: Afrikaanse feeste is aan die groei, Afrikaanse musiek is op 'n kommersiële en kwaliteits-hoogtepunt, en die taal is oopgestel vir "volksvreemdes", (die einste taal) wat ons nog twintig, dertig jaar gelede wou weghou van die

ook die eerste een, in Mosambiek en my leerlinge het daar met my gestry dat pasop, oppas en voertsek Shangaan-woorde is.

Maar, in die sukses van die taal lê daar ook 'n waarskuwing: Soos die gebruikers van Afrikaans oorgrens gebreek het, so het die uitdaging vir Afrikaanssprekers nóg groter geword om ook weg te beweeg van die koloniale model en ook uit te vind hoe proe die ander inheemse tale van die land en sy vasteland op sy tong.

Om net Afrikaans en moontlik Engels te kan praat is vandag oudmodies en reik terug na die glorie-dae van Britse oorheersing.

Ons is nou vry, en ons moet ons vreugde dat daar nuwe gebruikers van ons taal is, omskep in 'n wins: Deur ook ons ore, oë en monde oop te maak vir die gebruik van die sogenaamde swart tale van ons land.

Ons moet dit hoor én probeer praat. Ons moet dit oefen en lag vir ons gesukkel. Ons moet uitreik en ook ander se uitreik na ons gebruik as die speelveld van versoeningsaksies.

Ons moet pret hê terwyl ons mekaar se kosbare kultuurgoed omhels. Dit is die maklikste moontlike manier waarop ons saam in die skrum van die nuwe Suid-Afrika kan sak.

Dames en here, Suid-Afrika is nie 'n plek vir sissies nie, maar dit is ook nie 'n plek vir boelies nie.

Dit is 'n plek vir almal van ons wat hier wil bly om die land en die vasteland 'n beter plek vir almal te maak.

Dit is in dié gees dat ek die woorde uiter in Engels, 'n gemeenskaplike instrument wat ons die geleentheid gee om waardes en idees uit te ruil.

Dit is ook in dié gees dat ek julle aanspoor om oor verdeeldheid heen uit te reik en letterlik die tale van jou bure na aan jou hart te hou. Om daardie tale te leer en bestudeer en om hulle te deel en te praat.

Jy kan my net na aan jou hart hou as ek 'n manier vind om met jou te kommunikeer.

Taal is daardie instrument. Taal is daardie medium en taal is die spies in ons hand wat ons op 'n nuwe manier wil aanwend.

My versoek aan almal van julle is, laat ons taal gebruik om brûe te bou.

Laat ons nuwe tale leer om die brûe te verkit en laat ons ons patriotisme wys deur uit ons leunstoel op te staan en met mekaar te praat – maak nie saak hoe ongemaklik, moeilik en snaaks ons mag klink nie.

Die boere in Piet Retief praat beter Zoeloe as ek met selfs die korrekte klem en aksent.

As jy jou oë toemaak, sal jy nie weet dit is 'n wit man wat praat nie.

As dit in Piet Retief kan gebeur, kan dit oral gebeur. Laat ons mekaar se tale probeer verstaan en gebruik.

Daárin lê die toekoms van Suid-Afrika.

* Sommige gedeeltes van die toespraak is in Engels gelewer en vir publikasie vertaal.

Vandag, 'n skrale dertien jaar nadat ons land vreedsaam 'n demokrasie geword het, is die werklikheid dat ek, en baie van my mede-strugglers, sal toi-toi as Afrikaans verneeder of benadeel word.

Die rede daarvoor is eenvoudig: die taal se leierskap is uit die politieke se hande geneem en geplaas waar dit hoort: by digters, by sangers, by akademici, by kerkleiers, en by die gewone mens wat verstaan dat die taal se offisiële beskerming net soveel kwaad as goed inhou.

En, laat ons dit nou maar verwoord op 'n manier dat niemand dit kan spin of wanvertolk nie: dit is goed vir die taal dat sy swart gebruikers hom lui-ter, skryf, lees en praat. Dit gee aan die taal broodnodige suurstof en die township-woorde, waaroor ons twee dekades gelede nog amptelik gefrons het, bou aan 'n taal waar onwaarskynlike vennote nou bloedverwante broers en susters geword het.

Ek moes vakke soos wiskunde en wetenskap in Afrikaans doen. Ek daag julle uit om 'n tesis in Zoeloe te probeer doen.

Baie mense in Lesotho en Mosambiek gebruik Afrikaanse woorde. Ek was 'n Afrikaanse onderwyser, seker

bloedbelope hande van "goddelose kommuniste".

Vandag is Afrikaans die eiendom van F.W. de Klerk én Mathews Phosa en dit maak hom sterk en soepel.

Sy champions en beskermhere kom nie meer eksklusief uit een groep, een kerklike sinode, een politieke party of een ras nie.

Hy is nou 'n baie groter groep gebruikers en verbruikers se soepel eiendom as ooit voorheen.

En daarin, dames en here, lê Afrikaans se beskerming, sy toekoms en sy oorlewing.

Grafika: De Wet Moolman